# BLOEDHOND IN DIE SAHARA



SANDBERGH BEYERS

# BLOEDHOND IN DIE SAHARA

DEUR

SANDBERGH BEYERS

NONNIES BOOK EXCHANGE
CNR. BASHEE & ZAMBEZI STR.
THREE RIVERS VEREENIGING
423-5938

SEBRA BOEKE
In Groot Brittanje gedruk vir
SEBRA UITGEWERS (EDMS) BPK.
301 S.A.C.T.A.—Gebou
Breestraat
JOHANNESBURG

## I.

Dit is nou net mooi op die middag as die streep Arabierse ruiters by die Arabiese hoofleër aansluit wat benoorde die uitgebrande vesting El Kwatra saamtrek.

As dit bekend word dat die Arabiese leier Abdoel el Noehas by die geselskap is, is die opgewondenheid byna onkeerbaar, want Noehas het uit ballingskap in Egipte teruggekeer om die opstandige stammelinge in hul opstand teen die Franse besetters te lei.

Die Arabiere maal om hom en hulle baklei in hul pogings om net die soom van sy goud-borduurde kleed aan to raak.

Hierdie Arabiese oorlogsleier is 'n indrukwekkende man, rysig en breed en sterk, met 'n moedige gesig. Hy is net die man om die verset te lei om die vervloekte Franse oor die see terug te gooi na waar hulle behoort.

Hulle het 'n tent opgeslaan en alles gereed gamaak om hul leier te ontvang en nou veg 'n aantal ruiters 'n pad deur die skreeuende, opgewonde menigte skoon sodat Noe has pasja kan deurgaan na die donker koelte van die tent.

Hy klim stadig van die perd af, met 'n deftigheid, en hulle lei sy uitnemende dier weg en hy gaan die tent binne om die eerbetoon van die plaaslike sjeiks te gaan ontvang.

Noudat hierdie koninklike figuur uit hul middel verdwyn het, spits hulle hul aandag op die res van die geselskap toe.

Onder die skerp-ogige lyfwagte wat van hul perde afklim en wat hul leier seshonderd myl oor die woestyn begelei het, sien hulle 'n man wat g'n Arabier is nie. Oë vernou in die woestynson en hulle staar na hom, verbaas, agterdogtig, oorbluf.

Hy is 'n lang, rankerige, maar stewige man en hy sit in die saal met dieselfde gemak as hierdie woestynruiters wat feitlik op perde groot word.

Hy sit daar op sy dooie gemak, hoewel hy die mondering dra van die bitter vyande van die Arabiere.

Hy is 'n soldaat van die Vreemde Legioen. Sy mondering is vuil en geskeur, maar vir almal is dit duidelik dat dit die verbleikte blou mondering van die Vreemde Legioen is.

Sy broek is nog meer verweer as die uniform, maar vir elkeen is dit duidelik dat dit 'n broek is wat uitgereik word as deel van die mars-uitrusting van die Vreemde Legioen.

Die Arabiere wat hier om die tent van hul leier saamdrom, bekyk hierdie vreemdeling wat so doodluiters is en daar kom 'n woede in hul oë. Hy is bepaald 'n vlugteling wat die leier iewers in die woestyn opgetel het. Natuurlik sal hy vroeër of later moet sterf soos die geval is met al hierdie Franse honde.

Maar nou bemerk hulle iets wat 'n swye oor hulle bring en wat hulle onder mekaar laat fluister. Hulle verstaan meteens dat hierdie man nie 'n gevangene is nie, want gevangenes dra gewoonlik nie Lebel-gewere dwars oor die saalknoppe nie en nog minder swaar rewolwers aan hul heupe.

Hierdie ding kan hulle darem nie kleinkry nie en as die eerste verbasing oor is, skreeu hulle met hul hoë stemme vrae teenoor die geleide uit. Die antwoorde wat hulle kry, maak hulle weer stil. Hulle verneem van die geleide dat hierdie soldaat nie 'n gevangene is nie. Hy het uit sy eie vrye wil saam met die geselskap gekom en Noehas pasja self het gesê dat geen man 'n haar op die kop van hierdie vreemdeling mag aanraak nie.

Nietemin dink hulle aan hom as 'n renegaat. Hy is 'n verraaier soos so baie soldate van die Vreemde Legioen in hierdie ondraaglike wêreld en hulle draai met veragting hul rugte op hom. Hulle begin liewer praat oor die volgende fase van hul rebellie hier diep in die woestyn.



Dit lyk of hierdie lang soldaat hom nie aan die gebabbel van die Arabiere steur nie en asof hy hul veragting nie eens agterkom nie. Hy het van sy perd afgeklim en veeg met sy hande oor die dier se beswete boude en dan stoot hy sy vingers deur die maanhaar en hy is dood op sy gemak.

Hy is op goeie voet met die lede van die spesiale geleide wat Noehas pasja oor die woestyn gebring het en hulle gaan almal in 'n kring sit en eet van hul harde swart brood, hulle eet dadels en gedroogde vye en komkommers wat van die plaaslike manne vir hulle gebring het.

Hulle noem hom Tex en hierdie woord klink snaaks uit hul monde en wanneer hy op hul taal praat, klink dit snaaks, want hy praat bietjie deur sy neus en jy hoor hy is 'n Amerikaner.

Na 'n rukkie word daar gesê dat Noehas pasja en sy hoofde 'n woordjie met die vreemde soldaat wil wissel.

Tex staan stadig uit die hete woestynsand op, klap sy broek skoon en loop dan half slepend met sy swaar stewels na die groot tent toe.

Hulle het die tent nou oopgemaak, nà die eerste ontmoeting met die hoofde, sodat almal wat belangstel, kan luister na die konferensie van hul leiers, omdat dit die gewoonte onder die Arabiere is.

Nou sien Tex die groot tent wat oopgemaak is en wat skaduwee gee net aan die vernaamstes onder hulle wat daar vergader is. Daar lê kleurryke tapyte oopgesprei en op hulle sit die Arabiese hoofde bene-oormekaar, met hul wit hoofbedekkings op, met die goudbalkies daaraan wat hul rang aandui. Hulle is kleurryk uitgevat en dit alles verleen kleurrykheid aan die agtergrond van die tent wat van bokvelle gemaak is.

Bo die tent wapper die vaandel van die Arabiese leër en dit gee 'n half opgewekte aanskyn aan alles hier onder die diep-blou woestynlug waarin die son hang.

Voor die hoofde sit sowat honderd Arabiere plat in die sand en hulle is toeskouers wat aan die besprekinge kan deelneem as hulle lus het. Oral sien Tex hoedat bruin

oë hom dophou, hy sien bruin bebaarde gesigte wat na hom opgedraai is en hy loop versigtig oor hul bene heen en nou staan hy voor die leiers wat daar so gemaklik op die duur tapyte sit.

Noehas pasja groet hom ewe vriendelik. Noehas het die ryk, glimmende baard van 'n man in sy fleur—'n aantreklike man en hy weet dit. Hierdie is die eerste keer dat Tex, van die Vreemde Legioen, die kans kry om met Noehas te praat, want hy het maar gisteraand by die geselskap aangesluit.

Nadat Noehas hom gegroet het, gaan Tex voor die gashere in die sand plat sit, net soos die Arabiere. Al die hoofde kyk met spanning na hom, want dit is buitengewoon om 'n vyand tussen hulle te hê.

Noehas pasja sê beleefd: "Dit is die begeerte van ons volk dat u ons sal help teen die vyand wat ons haat."

Tex sê daar nie 'n woord op nie.

"Drie nagte gelede," gaan Noehas voort, "het hulle die pos El Kwatra, van die Franse Vreemde Legioen aangeval. Almal binne die vesting is gedood en dit is afgebrand, soos ons vandag gesien het."

Tex luister maar beleefd. Tot groot hoogte het hierdie hoofman gelyk, maar darem nie heeltemal nie. Tex weet beter, want hy was self in hierdie vesting toe dit aangeval is—inderdaad was hy in 'n sel opgesluit toe die verraad van 'n paar Legioen-soldate dit vir die Arabiere moontlik gemaak het om deur die hoofpoort binne te kom en met die verdedigers, wat geslaap het, bloedige skoonskip te maak.

Gedurende die gevegte was hy gelukkig om oor die muur te ontsnap. Die geluk het hom verder bevoordeel toe hy byna onmiddellik na sy ontsnapping oor die muur, in staat was om 'n Arabier uit die saal te gooi en 'n perd in hande te kry. Met hierdie dier het hy na die suide gevlug.

Nee, almal in daardie fort is nie gedood nie—dit weet Tex.

Byvoorbeeld, die klein Fransmannetjie Le Clerq is nie gedood nie. Ook Petrie, 'n laksman se assistent uit Marseille, is nie gedood nie. Ook die dwerg Quelcos het vry gekom. Hy is maar net die helfte so groot soos 'n normale man, maar twee keer so wreed soos 'n verworde laksman. Dan is daar Trane, die man met die leepoë en die Bulgaar, met sy vrot tande en sy skokkende humeur, wat ook nie onder die Arabiese kromsabels omgekom het nie.

En dan, die ergste van alles, die Meisie, wat soos 'n vrou lyk, met bloesende wange, maar wat van binne verrot is, het ook weggekom.

In daardie bloedige nag was hulle almal in die vesting El Kwatra, maar hulle het almal met hul bas ongeskonde daarvan afgekom. Want dit is hulle wat die vesting aan die vyande van Frankryk oorgelewer het. In die nag, toe hulle moes brandwag staan, het hulle—soos hulle afgespreek het—die groot hoofpoort oopgemaak en die bloeddorstige Arabiere soos 'n vloed laat binnekom. Die Legioensoldate wat hul kamerade op die borswerings vertrou het, is vermoor, baie nog voordat hulle in die groot, wit slaapsale uit die beddens kon spring.

Dit is dinge wat Tex weet. En nou dink hy daaroor na en hy weet hierdie renegate en verraaiers sal vir hul verraad beloon word. Die Arabiere sal hulle ongestoord laat deurglip na die een of ander hawe waarvandaan hulle na Europa kan skeepgaan waarna hulle so hunker. Hulle reis natuurlik onder die beskerming van Arabiese ruiters en ongetwyfeld staan hul sakke bak van goud.

Ja, dink hy, partykeer betaal misdaad, hoewel hierdie die skokkendste misdaad is waarvan hy weet.

Die son brand op die bruin, kalm gesig van hierdie man uit Texas terwyl hy sit en dink aan die bloedige gebeurtenisse van daardie vreeslike nag. Hy laat die sand deur sy lang, beenderige vingers gly terwyl Noehas pasja kalm en vol vetroue sit en beduie wat hulle van Tex nodig het. Noehas pasja, die verbanne rebelleleier wat nou weer tussen sy mense is, is baie seker dat wat hy begeer, uitgevoer sal word.

" Voordat daardie ellendige Franse fort vernietig is, het ons dapper manne al die wapens en ammunisie verwyder," praat Noehas pasja. " Onder die wapens is vier masjiengewere. U, o Legioensoldaat, sal my stryders onderrig in die gebruik van daardie dodelike wapens."

By die aanhoor van hierdie woorde tel Tex sy kop vinnig op. Hy het sit en dink aan die oase Bir Khoela, sestig myl besuide hulle. Want by hierdie oase is sy vriende—Bonaparte, wat gewond is sodat hulle daar moes skuiling soek, die Planmaker, die man wat vir alles 'n uitweg het en Pronker, die man wat hierdie bynaam gekry het omdat hy so 'n slonspot is.

En dan is daar die meisie. . . .

Met 'n vreemde helderheid in sy stem en met 'n stewigheid daarin, sê Tex:

" Ek sal nie 'n salige siel leer hoe om met masjiengewere te werk nie."

Noehas pasja se aantreklike bruin gesig, verloor nie die glimlag nie, maar die toon in sy stem word meteens net bietjie te hartlik.

" Gisteraand het jy verlof gevra om saam met my geselskap te reis. Ek het jou veilige geleide beloof omdat jy die lewe van een van ons gered het." Die indrukwekkende kop staan 'n bietjie skeef. " Dit sal gedoen word, ondanks wat jy nou net gesê het. Maar daar is heelwat wat my benuut maak, O Westerling. Ek het dit in my kop gekry om te weet watter sending jy besig is om uit te voer."

Daarom vertel Tex hulle toe—al daardie wagtende Arabiere.

Hy praat stading en kalm.

" Ek het by die Vreemde Legioen aangesluit nie om daarin skuiling te soek, of om van die gereg af te ontvlug, of omdat ek 'n slegte vrou het nie. Dit is ook nie omdat ek in oorlog belangstel nie. Daarvan het ek oorgenoeg gehad toe ek in Noord-Afrika teen die Duitsers en Italianers geveg het.



" Ek het gereken dat die woestyn stil is, dat ek net garnisoendiens sal moet doen en dat daar nie gevegte sal wees nie."

Hy swaai sy hand in die rigting van die rye tente, die kamp van die aangroeiende Arabiese leër en sê:

" Ek het nie geweet dat Arabiese nasionalisme so gou weer na die wapens sou gryp nie."

'n Bebaarde ou veteraan sê grommend:

" Ons sal altoos na die wapens gryp solank die vervloekte Fransman ons regeer—nooit sal daar vrede wees voor ons vry is nie. . . ."

'n Woedende instemming kom van hulle wat daar vergader is.

Tex wag totdat die ruising van die stemme bedaar het en dan vertel hy sy verhaal verder.

" Ek het met 'n doel by die Legioen aangesluit. Dit is om 'n man in hande te kry wat dinge gedoen het wat geen man met 'n hart, behoort te doen nie. Hy het my broer en 'n duisend man uit my land gedood."

Tex voel hoedat sy vuiste saamkrimp, hoewel baie reëns al geval het vandat daardie skokkende misdaad gepleeg was.

" Hy was 'n generaal in die Duitse leër wat hier in Noord-Afrika geveg het. Toe die Gealiieerde leërs die Duitsers hier uit Noord-Afrika begin terugdryf het, het hierdie generaal iets gedoen wat die hele wêreld geskok het. Hy het sy gevangenes vermoor omdat hy bang was dat hulle weer teen hom sou veg. Hy het hulle op 'n skandelike manier vermoor. . . ."

Maar Tex gaan nie in op die misdaad van generaal Herman Sturmer nie—hoedat die manne in 'n steengroef in die woestyn aangehou is en hoedat Sturmer vragmotors op die kant van die gat getrek het en die dodelike uitlaatgas met rubberpype tussen die slapende manne ingelei het. Hy vertel nie hoedat party van die gevangenes—waaronder ook sy broer—wakker geword het en toe deur masjiengewere plat geskiet is nie—op bevel van Sturmer.

Tex gaan voort en sy stem is nou weer heeltemal kalm:

" Ek wil daardie man opspoor en hom na my eie land toe neem sodat hy daar verhoor kan word vir sy misdaad. Jarelank is gemeen dat hy dood was, maar toe het hulle begin fluister dat 'n Duitse offisier met die naam Sturmer in die Franse Vreemde Legioen is. Die Legioen het ontken dat dit dieselfde Sturmer is, maar dit is hul gewoonte om dinge van hierdie aard te ontken. Dit is die man wat ek soek. Die bloed van my broer is op sy hande."

As 'n man eers by die Vreemde Legioen aangesluit het, is sy verlede begrawe en vergeet. As die Franse na ander lande moet luister en elke keer 'n man moet uitlewer as daarom gevra word, sal hul Vreemde Legioen heelwat kleiner wees as wat hy is.

Sturmer is in die Legioen en blykbaar kan niemand hom daar uitkry nie.

" Ek het by die Legioen aangesluit in die hoop om hierdie man te vind. My plan is om hom te vang en hom uit die land te smokkel—dit is die enigste manier."

Noehas pasja trek sy wenkbroue omhoog by die aanhoor van hierdie grootpratery van die lang man wat daar in die sand voor hom sit.

" Ek het hom ontmoet—hy is die leier van die partygangers in hierdie woestyn. . . ."

Daar is 'n beroering en 'n hyging gaan uit die skare op by die aanhoor van hierdie woorde.

Want hierdie partygangers kap koppe af en omdat hulle daarvoor goed betaal word, gee hulle nie veel om wie se koppe hulle afkap nie.

Frankryk hou hierdie partygangers Arabiese renegate aan om deur die woestyn rond te dwaal en drosters uit die Vreemde Legioen op te pik. Hulle bring nooit gevangenes in nie. Hulle bring net die kop en die uitkenningsplaatjie met die soldaat se nommer daarop terug. Dit is al.

Daar word gesê dat hulle selfs Arabiere se koppe afkap en hulle dan saam met gesteelde uitkenningsplaatjies inlewer.



" Ek het saam met 'n paar vriende van my probeer om hierdie man uit die land te neem, maar hy't ontsnap. Hy't ontsnap oor die verraad van een van my kamerade wat ek vertrou het." Hy trek sy hoekige skouers op. ". . . Maar ek reken hierdie vent Sturmer is maar nog iewers hier in die woestyn. Ek het nog nie sy spoor gelos nie."

Noehas pasja het die groot, lenige Amerikaner nog steeds straf dopgehou en hy meen dat hierdie man nie van dieselfde stoffasie is as die gewone Legioensoldaat nie. Een en al kan weinig Legioensoldate Arabiers vlot praat, maar hierdie een praat dit asof hy dit aan moedersknie geleer het. Hierdie is klaarblyklik 'n intelligente man.

" Hy sal 'n gevaarlike vyand uitmaak," meen Noehas pasja, maar hy spreek dit nie uit nie.

Hardop sê Noehas:

" Mag Allah met jou wees. 'n Man moet die bloed van sy broer wreek."

Die goedkeuring kom dreunend uit baie monde. 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, so meen hulle. Dit is die filosofie van hierdie woestynmanne.

Die Arabiese leier hou sy helder, fonkelende oë op die soldaat voor hom. Tex, wat al in 'n harde skool geleer het om mense te verstaan, weet dat hierdie Arabiese leier hom dinge wil laat doen waarvoor hy, wat Tex is, nie uitgeknip is nie en wat hy ook glad nie in die mou voer nie.

Daarom praat Tex weer, met 'n beslistheid, om dinge nog verder op te klaar. Hy sê: " Hoewel ek uit die Legioen weggeloop het, sal ek nie teen my voormalige kamerade veg nie. Ek sal u ook nie help met inligting oor hoe om daardie masjiengewere te werk wat u afgeneem het nie. . . Dit is twee dinge wat ek nie sal doen nie. . . ."

Daar is een sjeik wat rusteloos rondskuif terwyl Tex praat. Hy kyk op 'n gemene, humeurige manier na die Amerikaner. En Tex het dit raakgesien.

Nou praat daardie sjeik en sy stem bewe van die woede.

" Waarom praat hierdie grootbek-hond so? Weet hy nie dat ons almal die vyande is van almal wat daardie vervloekte uniform dra nie? Weet hy nie dat ons almal bloed ruik wanneer ons daardie blou uniform sien nie? Waar kom hy vandaan om hier so te kom praat?"

Tex luister na die snedigheid in daardie stem, die minagting, die dreiging. Hy antwoord vinning, voordat daardie woorde heeltemal ingesink het hier in die hitte.

" Weet hierdie stryder wat nou net gepraat het, nie dat die woord van 'n Arabier heilig is nie? Weet hy nie dat as die Arabier sê: ' Niks sal jou aanraak nie,' dan sal niks jou aanraak nie? Ek het my in die hande van Noehas pasja gegee en ek is tevrede en ek is ook nie bang nie."

Noahas pasja praat kalm.

" Jou lewe is in my hande. Alle manne is aan my verantwoordelik."

Nogtans gee hy nie op nie. Hy probeer weer. Hy sê: " Natuurlik, as jy jou plan verander en met ons saamwerk, sal daar vir jou eer en rykdom wees. Jy sal 'n man onder manne word en 'n hoofman in die ware sin van die woord."

Tex antwoord net kortaf:

" Daar is net een ding wat ek wil hê—Sturmer. Ek wil daardie duiwel in hande kry. Ek wil niks verder hê nie."

Bepaald wil hy nie rykdom hê nie. In Texas het hy 'n beesplaas wat hom alles kan gee wat hy nodig het. Hy soek nie na rang nie. 'n Vervlakste sjeik wil hy sekerlik nie word nie.

Daarby dink hy vinnig:

" Dit sal nie duur nie—daarvoor is die Franse te sterk."

Al is hierdie ongedissiplineerde, swak toegeruste Arabiese leër ook hoe fanatiek, hulle kan die meerwaardige magte van die Franse nie die hoof bied nie. 'n Tydlank kan hulle dalk sporadiese oorwinnings behaal, maar uiteindelik sal hulle tog maar weer die knieë moet buig.



Noudat hy sy besluit in noukeurige Arabiers uitgedruk het, staan hy op en loop terug na Noehas se geleide. Terwyl hy tussen die Arabiere deurloop, is daar baie wat padgee asof die blou uniform 'n aansteeklike siekte aan hom het.

Sonder om blykbaar eers te kyk, sien hy die oë wat na hom opgerig is, party vol haat. Hoewel Noehas pasja gesê het dat hy verantwoordelik is vir die veiligheid van die Amerikaner en hoewel hy gesê het dat almal aan hom persoonlik verantwoordelik is, weet Tex dat daar onder hierdie manne so vele is wat sy lewe by die eerste die beste geleentheid sal neem as hy nie wakkerloop nie.

Onder hierdie manne is te veel wat oorgenoeg rede het om hierdie blou uniform met skokkende lyding te vereenselwig.

'n Halfuur voor sononder, as dit reeds begin koel word, groet Tex die Arabiere met wie hy die reis saam deurgemaak het, Noehas pasja se lyfwag, en hy ry noordwaarts deur die uitgespreide Arabiese kamp en dan na die groot oop woestyn anderkant die kamp, die eensame sandwoestyn.

Die lede van die lyfwag is vriendelik, maar nie die Arabiese soldate wat hier op die sand plat sit nie. Die meeste kyk met 'n traak-my-nie na hom, maar 'n paar se oë vernou en hy bemerk die veroordeling daarin. Daar is van hulle wat morrend praat en sê dat hierdie 'n Franse hond is wat moontlik binne 'n paar uur weer teen hulle sal veg.

Hulle redeneer dat ondanks die onderneming van Noehas pasja, dit beter sal wees as iemand hierdie Franse hond se keel afsny.

Maar hierdie manne voor hul bokvel-tente redeneer maar net. Niemand het die moed om op te staan en Noehas pasja se woord te gaan verbreek nie.

Nietemin is daar drie wat die spoor van die Amerikaanse Legioensoldaat vat. Hulle is die volgelinge van daardie onsmaaklike sjeik met die kwaai oë. Hy is 'n skraal man selfs vir 'n ras van skraal manne. En hy is jaloers op Noehas pasja want die teruggekeerde leier

het hom van sy troon laat tuimel as hoof van die Arabiese leër.

Hy het sy hande geklap en 'n luitenant het haastig nadergekom. "Vat twee man en maak 'n einde aan daardie Legioen-hond," het sjeik Mahmoed ibn Kalim el Doesa gesê.

Die verbaasde luitenant het gefluister:

". . . Maar wat van Noehas pasja se opdrag?"

Hy het senuweaagtig by sy skraal, wrede meester verbygekyk na die groot tent waar die leier van die Arabiese nasionaliste nog steeds gesit het.

Sjeik Mahmoed het kortaf gesê:

"Ek sê jou jy moet gaan! Is jy my dienaar, of verdien jy jou sout by iemand anders?"

Sy hand het skielik om die versierde handvatsel van sy kromsabel gesluit—die gevreesde wapen van die woestynbewoners.

Daarop het sy luitenant diep gesalaam en die hasepad gekies. Die sjeik het nog kwaai woorde agter hom aan gegooi. Hy is 'n man wat hom te buite gaan sodra daar die geringste dwarsboming is en vanaand is hy nog meer as gewoonlik kort van draad.

Geen generaal hou daarvan om teruggeskop te word nie. Geen man wat een maal mag geproe het, wil dit graag aan iemand anders oormaak nie. Daarom het die sjeik opgestaan, na sy eie tent teruggeloop en daar gaan sit en planne maak teen Noehas pasja.

Die luitenant het twee manne geroep. Daar was onvergenoegdheid in sy stem, want dit is nou maar eenmaal die gewoonte van luitenante om hul eie ergernis op iemand anders uit te haal.

Die manne het in hul baarde gemor en omdat hulle nie hul ergernis op iets anders kon koel nie, het hulle dit met die spore op hul stomme perde uitgehaal.

Want sjeik Mahmoed het gesê:

"Jul lewens hang aan 'n draadjie as julle nie hierdie ongelowige van die gras af maak nie."

Tex ry eers na die ooste en noudat hy buite gesig van die Arabiese kamp is, steek hy hakke in en hy jaag so



vinnig as die klipperige terrein toelaat. Eers toe dit begin donker word, draai hy sy perd noordwaarts.

Want Tex ken die manier van doen in hierdie woestyn. Hy skat dat die een of die ander onder daardie duisende Arabiere dit sal waag om die bevele van sy meester te veronagsaam en hom sal agternasit om hom te probeer om die lewe bring omdat hy nie 'n gebore Arabier is nie.

Hy koers na die noorde en ry 'n uur lank vinnig en daarna weet hy dat hy nie agtervolg word nie.

Dan rus hy 'n paar uur lank want hy het die hele dag lank in die verterende son gery, maar teen vieruur, nog lank voordat die eerste daglig die gesigseinder in die ooste begin verkleur, is hy alweer op pad.

Hy het deur die Arabierse linies gegaan en nou is hy in niemandsland. Hy verwag om binne die eersvolgende dag of wat Franse magte teë te kom.

Tex het uit die Legioen weggeloop in die hoop om sy vyand generaal Sturmer op die lyf te loop. Maar toe Sturmer uit sy hande geraak het, het hy sy plan verander en nou koers hy weer in die rigting van die Vreemde Legioen. Niemand sal in elk geval weet dat hy uit die Legioen probeer dros het nie—slegs Sturmer weet dit en Sturmer sal hom nie maklik raaksien as hy eers weer in die Legioen is nie. . . . Sturmer sal nie verwag dat hy teruggeker het nie en sal hom nie soek tussen al die duisende manne nie.

Dit sal Tex die geleentheid gee om nuwe planne te prakseer om hierdie voormalige Nazi-offisier gevange te neem en hom weg te voer en dan by sy vriende by die oase gaan aansluit.

Tex dink aan daardie goeie vriende van hom en ry noordwaarts deur die dagbreek wat stadig oor die wêreld helderer word. Maar hy dink veral aan die meisie wat by sy vriende by die oase is.

Monica is haar naam en sy is 'n Amerikaanse verslaggewer wat deur haar redakteur gestuur is om 'n storie en foto's oor Sturmer te probeer in hande kry. Die hele buiteland is op die spoor van hierdie wreedaard en as sy foto's kan uitsmokkel waaraan hy uitgeken kan word, sal dit nuus wees wat die wêreld gaan skud.

Sy het die foto's in hande gekry en nou vertoef sy by die oase Bir Khoela, onder beskerming van 'n sjeik wat daarlangs regeer en die lewe van wie se seun Tex gered het. Die sjeik het onderneem om hulle na die kus te begelei sodra die siek Amerikaner beter is.

Hy sit en dink aan haar koel skoonheid. Hulle kan die Arabierse nooiens, met hul donker, eksotiese skoonheid, maar vat solank hy maar net hierdie blonde nooi met haar helder blou oë en haar frisse aantreklikheid kan kry. Sy het buitendien 'n sin vir humor, sy is bereid om alles mee te maak en op die reis deur die woestyn het sy bewys dat sy nie 'n bang haar op haar kop het nie.

Die hele dag laat hy sy perd oor die wye, snikhete woestyn voortbeweeg. In hierdie onmeetlike, rollende woestyn van geel sand, is daar weinig landmerke. Daar is net die een opstoting na die ander, die een sandduin na die ander wat beweging so uiters moeilik maak.

Tex ry volgens sy skaduwee. In die middel van die voormiddag was dit aan sy linkerkant. Nader na die middag, het hy dit voor hom uit laat beweeg; in die namiddag laat hy dit stadig na sy regterkant toe skuif namate die son in die ver weste sak. Op diè manier weet hy dat hy naasteby na die noorde beweeg. As hy so voortgaan, weet hy, moet hy uiteindelik by die kus en by die garnisoenstede van die Franse Vreemde Legioen uitkom as hy nie voor die tyd op buiteposte afkom nie.

Hy hoop net sy water gaan nie ingee nie. Hy drink maar bietjies-bietjies en sy perd gee hy glad niks nie. 'n Bekvol water beteken vir die dier niks nie, maar dit kan Tex 'n paar uur langer aan die lewe hou as die nood aan die man kom.

As dit haas aand word, bestyg hy 'n klein duin en voor hom sien hy 'n Arabiese dorpie lê. Daar moet water in die plek wees, dit weet hy, anders sal hierdie klompie klei-pondokke nie hier in die middel van die woestyn staan nie.

Hy sien 'n paar verweerde palmbome wat lyk of hulle in die hitte van die son aan sterf is. Hy sien die donker



groen van bewerkte akkers en dun groen strepies waar leivore moet wees.

As sy perd die water ruik, begin hy opgewonde raak en hy begin aandraf, sonder dat sy baas hom aanspoor. Tex laat die hings maar sy gang gaan. Hy sit die gehuggie en bekyk en hy sien geen tekens van lewe nie. Nietemin het hy sy geweer van sy skouer afgehaal, die patroon in die loop gestoot en gekyk of daar nie dalk sand in die loop is nie. Hy ry na die groepie hutte, met sy vinger aan die sneller.

Hy sien nie 'n salige Arabier op die akkers of tussen die hutte nie. Hy reken dat die mans almal by Noehas pasja se leër gaan aansluit het. In hierdie godverlate wêreld is dit omtrent die beste afleiding om by die leër te gaan aansluit. Dit bring minstens afleiding in hierdie eentonige lewe wat in duisend jaar niks verander het nie.

Om teen die ongelowige te veg, is immers al honderde jare die geliefkoosde nasionale sport in hierdie sandwildernis. Watter Arabier met rooi bloed in sy are sou sulke opwinding wou mis?

Die beeste is weg. Daar is geen kamele, bokke of skape nie. Buitendien is daar geen rondloperhonde wat hom tegemoet kom terwyl hy die gehuggie nader nie. Die vroue moes die vee weggedryf het tot buite die gevegsterrein.

Tex weet dit nie, maar hy het per ongeluk op die enigste watergat binne honderde vierkante myle afgekom. Die inwoners weet dit. Hulle weet ook dat die watergat daarom 'n militêre doelwit sal wees en derhalwe het hulle gemaak dat hulle wegkom.

Wat Tex ook nie weet nie, is dat hierdie watergat in die woestyn soos 'n kruispad is. Alle verkeer in hierdie deel van die woestyn gaan maar deur die oase sodat water gevind kan word vir die res van die veeleisende reis deur die waterlose woestyn.

Iemand is reeds in die gehuggie.

As hy versigtig die plekkie binnegery kom waar die hoofman in 'n platdak-huis gewoon het wat alleen in die middel van die dorpie staan, op 'n soort plein, kom daar 'n woeling onder die manne wat hom lankal sit en